BOARD NOTICE
RAADSKENNISGEWING

BOARD NOTICE 51 OF 2006

FINANCIAL SERVICES BOARD

FINANCIAL SERVICES BOARD ACT, 1990

LEVIES ON FINANCIAL INSTITUTIONS

The Financial Services Board referred to in section 2 of the Financial Services Board Act, 1990 (Act No. 97 of 1990), hereby under section 15A of the said Act imposes the levies set out in the Schedule on financial institutions.

By order of the Financial Services Board.

Dr C Rustomjee

Dr C Rustomjee
Chairperson: Financial Services Board

SCHEDULE

Definitions

1. In this Notice any word or expression to which a meaning has been assigned in any financial services law, has the meaning so assigned to it and, unless the context indicates otherwise -

(i) **"Board"** means the Financial Services Board referred to in the Act; (iv)

(ii) **"financial services law"** means the Act, and any other act referred to in paragraph (a) of the definition of "financial institution" in section 1 of the Act ; (v)

(iii) **"levy year"** means the period from 1 April 2006 to 31 March 2007 and, subject to this Notice and any amendment or repeal thereof, such corresponding period in succeeding years, in respect of which levies are imposed; (iii)

(iv) ***"relevant Registrar"*** *means the Registrar mentioned in a financial services law* concerned; (i)

(v) **"the Act"** means the Financial Services Board Act, 1990 (Act No. 97 of 1990). (ii)

Levy on intermediaries

9. (1) In respect of an agent, broker or other person referred to in section 45 of the Short-term Insurance Act, 1998, the levy is an amount equal to 0,01% of the total gross premiums as reported on by an auditor or accounting officer, as the case may be, in terms of regulation 4.4 under the said Act, and which was received by such agent, broker or other person during his most recent financial year on behalf of registered insurers, and underwriters at Lloyd's, or R75, whichever total amount is the greater.

(2) The levy referred to in subitem (1), must be paid not later than 30 November of the levy year and shall be based on the total gross premiums on 30 September of each levy year as provided by the South African Insurance Association, subject to a maximum of R200 million.

Provided that if a manager is not a member of the Association of Collective Investments, a company registered under section 21 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), the amounts payable in terms of paragraphs (a), (b) and (c) are doubled.

Levy on foreign collective investment schemes

11. (1) In respect of foreign collective investment schemes approved in terms of section 65 of the Collective Investment Schemes Control Act, 2002, the levy is payable in four quarterly instalments, each instalment consisting of-

(a) R3 460 in respect of each scheme; plus

(b) R1 870 in respect of each portfolio, fund or sub-scheme; plus

(c) 0,000180% of the net amount of assets managed on behalf of South African investors:

Provided that if an approved foreign collective investment scheme is not an associate member of the Association of Collective Investments referred to in item 10, the amounts payable in terms of paragraphs (a), (b) and (c) are doubled.

(2) The amounts shall be payable in four quarterly instalments on or before 30 June, 30 September, 31 December and 31 March of the levy year and must be paid in South African currency. The amounts are calculated on the basis of statistics as at the end of the preceding quarter, which statistics must be furnished to the Registrar within 30 days after such quarter end.

(3) For the purposes of subitem (2) the statistics to be furnished to the relevant Registrar must contain details of all sales and redemptions or buy-backs in South Africa.

(4) Levies are payable in respect of all months falling within any relevant quarter.

Levy on collective investment schemes in property

12. (1) In respect of a manager of a collective investment scheme in property, as referred to in the Collective Investment Schemes Control Act, 2002, the levy is an amount of

Levy on authorised financial services providers

15. (1) Subject to subitem (5), a person who is authorised in terms of section 8 of the Financial Advisory and Intermediary Services Act, 2002 (Act No. 37 of 2002), as a Category I financial services provider as defined in the *Determination of Fit and*

Proper Requirements for Financial Services Providers in Board Notice 91 of 2003 (published in *Gazette* No. 25446 of 10 September 2003, as amended by Board Notice 101 of 2004, published in Gazette No 26844 of 29 September 2004), excluding any such provider who is also a Category II or III provider referred to in subitem (3) or any such Category I provider referred to in subitem (4), must pay the levy referred to in subitem (2) on or before 30 November of the levy year.

(2) The levy, which is subject to a maximum of R650 000, is calculated as follows:

(a) a base amount of R1 597, and

(b) A x R267,

where-

A = the total number of key individuals of the financial services provider approved by the registrar plus the total number of representatives appointed by the financial services provider, as at 30 September of the levy year.

(3) Subject to subitem (5), a person who is authorized in terms of section 8 of the Financial Advisory and Intermediary Services Act, 2002, as a Category II or III financial services provider as defined in the *Determination of Fit and Proper requirements for Financial Services Providers* referred to in subitem (1) must pay a levy which is subject to a maximum of R650 000 and which is calculated as follows:

(a) a base amount of R3 435; and

(b) A x R267; and

(c) B x 0.000009328

Where-

A = the total number of key individuals of the financial services provider approved by the registrar plus the total number of representatives appointed by the financial services provider, as at 30 September of the levy year; and

B = the total value of investments managed on behalf of clients in terms of the authorization as a financial services provider on 30 June of the levy year : Provided that investments under management held in foreign currency must be included at the exchange rate published in the Press at that date.

(4) Subject to subitem (5), a person who is authorized in terms of section 8 of the Financial Advisory and Intermediary Services Act, 2002, as a Category I financial services provider as contemplated in subitem (1), who renders financial services only in connection with financial products belonging to Long-term Insurance Category A, referred to in subcategory (1) in Column One of Table A in paragraph 3(1) of the Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers referred to in subitem (1), must on or before 30 November of the levy year pay a levy of R1 597

(5) Multiple authorised financial services providers who form part of the same legal entity are jointly and severally liable for payment of a single levy as referred to in subitem (2), (3) or (4), as the case may be. For the purpose of such payment, the key individuals and the representatives of such authorised financial services providers are deemed to be the key individuals and representatives of one authorised financial services provider.

Levy for Funding of Office of Ombud for Financial Services Providers

16. (1) Subject to subitem (3), a person who is authorised in terms of section 8 of the Financial Advisory and Intermediary Services Act, 2002, as a Category I, II or III financial services provider as defined in the *Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers* referred to in item 15(1), must pay the levy referred to in subitem (2) on or before or on 30 November of the levy year.

(2) The levy, which is subject to a maximum of R77 405, is calculated as follows:

(a) a base amount of R340, and

(b) A x R113,

where-

A = the total number of key individuals of the financial services provider approved by the registrar plus the total number of representatives appointed by the financial services provider, as at 30 September of the levy year.

(3) Multiple authorised financial services providers who form part of the same legal entity are jointly and severally liable for payment of a single levy as referred to in subitem (2). For the purpose of such payment, the key individuals and the representatives of such authorised financial services providers are deemed to be the key individuals and representatives of one authorised financial services provider.

RAADSKENNISGEWING 51 VAN 2006

RAAD OP FINANSIËLE DIENSTE

WET OP DIE RAAD OP FINANSIËLE DIENSTE, 1990

HEFFINGS OP FINANSIËLE INSTELLINGS

Die Raad op Finansiële Dienste bedoel in artikel 2 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990), lê hierby kragtens artikel 15A van genoemde Wet die heffings in die Bylae aan finansiële instellings op.

Op las van die Raad op Finansiële Dienste.

Dr C Rustomjee
Voorsitter: Raad op Finansiële Dienste

BYLAE

Woordomskrywings

1. In hierdie Kennisgewing het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in 'n wet op finansiële dienste verleen word, die betekenis aldus daaraan geheg, en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

(i) **"betrokke Registrateur"** die Registrateur vermeld in 'n betrokke wet op finansiële dienste; (iv)

(ii) **"die Wet"** die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990); (v)

(iii) **"heffingsjaar"** die tydperk vanaf 1 April 2006 tot 31 Maart 2007 en, behoudens hierdie Kennisgewing en enige wysiging of herroeping daarvan, so 'n ooreenstemmende tydperk in daaropvolgende jare, ten opsigte waarvan heffings opgelê word; (iii)

(iv) **"Raad"** die Raad op Finansiële Dienste bedoel in die Wet; (i)

(v) **"wet op finansiële dienste"** die Wet, en enige ander wet waarna in paragraaf (a) van die omskrywing van "finansiële instelling" in artikel 1 van die Wet verwys word. (ii)

Oplê van heffings

2. Die heffing vermeld in 'n item van hierdie Kennisgewing word hierby ten opsigte van die finansiële instelling in die item bedoel en die heffingsjaar opgelê.

Heffing op pensioenfondse

3. (1) Ten opsigte van 'n pensioenfonds wat ingevolge die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), geregistreer of voorlopig geregistreer is (insluitend 'n bewaringsfonds), uitgesonderd 'n uittredingsannuïteitsfonds soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), is die heffing 'n bedrag van R836, plus 'n bykomende bedrag van R6,90 per lid van sodanige fonds en R6,90 ten opsigte van elke ander persoon wat gereelde periodieke betalings uit sodanige fonds ontvang, of R1 385 000, watter totale bedrag die kleinste is. 'n Pensioenfonds wat onder 'n sambreelskema geregistreer is, moet 'n bykomende heffing van R217 betaal ten opsigte van elke deelnemende werkgewer, behalwe waar 'n sambreelskema deur die registrateur vrygestel is van die betaling van die heffings vir elke deelnemende werkgewer. Die maksimum heffing geld ten opsigte van elke deelnemende werkgewer en nie ten opsigte van die sambreelskema as sodanig nie.

(2) In die geval van 'n pensioenfonds wat nie ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, saamgelees met regulasie 1 van die Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is nie, word die berekening van die heffing in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getal lede en ander persone in daardie subitem bedoel, soos daardie getal blyk uit die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is en op 31 Augustus van die heffingsjaar by die Raad geliasseer is. Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 31 Augustus van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van die lede wat oorgedra word. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds gedurende die heffingsjaar goedkeur, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar en daarna is geen verdere heffing betaalbaar nie.

(3) In die geval van 'n pensioenfonds wat ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, saamgelees met regulasie 1 van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is, word die berekening van die heffing in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getal lede en ander

(a) beteken die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die bruto verpligtinge kragtens onafgeloste polisse gereflekteer teen die item "Gross policy liabilities" in kolom 9 van Staat C9 van Vorm LT2000, of beteken, indien die langtermynversekeraar geen boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, gehad het nie, die bruto verpligtinge soos aangedui aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het;

(b) sluit nie die verpligtinge in nie ingevolge 'n kontrak ingevolge waarvan 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, of 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf: Met dien verstande dat die verpligtinge wat van die omskrywing uitgesluit is, nie verpligtinge insluit nie ingevolge 'n kontrak wat uitsluitlik betrekking het op 'n bepaalde lid van 'n onderlinge hulpvereniging of 'n pensioenfondsorganisasie, of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n bepaalde lid van die onderlinge hulpvereniging of pensioenfondsorganisasie.

(3) 'n Langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees -

(a) op 1 April van die heffingsjaar, moet die volle heffings in subitems (1)(a) en (b) bedoel, ooreenkomstig subitem (4) betaal; of

(b) na 1 April maar nie na 1 Oktober van die heffingsjaar nie, moet die helfte van die heffings in subitems (1)(a) en (b) bedoel, in een bedrag betaal as die enigste betaling, voor of op 31 Oktober van die heffingsjaar.

(4) Die heffings in subitem (3)(a) bedoel moet in twee paaiemente betaal word, naamlik -

(a) 50% van die heffing of, sou die werklike bedrag nie beskikbaar wees nie, 'n redelike skatting van sodanige heffing gebaseer op 'n redelike beraming van die waarde van die verpligtinge in subitem (2) bedoel, voor of op 26 Junie van die

Heffing op tussengangers

9. (1) Ten opsigte van 'n agent, makelaar of ander persoon bedoel in artikel 45 van die Korttermynversekeringswet, 1998, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,01% van die totale bruto premies waaroor verslag gedoen is deur 'n ouditeur of rekenkundige beampte, na gelang van die geval, ingevolge regulasie 4.4 kragtens genoemde Wet, wat deur sodanige agent, makelaar of ander persoon gedurende sy jongste boekjaar ten behoewe van geregistreerde versekeraars en onderskrywers by Lloyd's ontvang is, of R75, watter totale bedrag ookal die grootste is.

(2) Die heffing bedoel in subitem (1), moet nie later nie as 30 November van die heffingsjaar betaal word en word gebaseer op die totale bruto premies op 30 September van elke heffingsjaar soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Versekerings-vereniging, onderhewig aan 'n maksimum van R200 miljoen.

Heffing op gemagtigde verskaffers van finansiële dienste

15. (1) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n Kategorie I verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die *Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers* in Raadskennisgewing 91 van 2003 (gepubliseer in *Staatskoerant* No. 25446 van 10 September 2003, soos gewysig deur Raadskennisgewing 101 van 2004, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 26844 van 29 September 2004), uitgesonderd enige sodanige verskaffer wat ook 'n Kategorie II of III verskaffer bedoel in subitem (3) of enige sodanige Kategorie I verskaffer bedoel in subitem (4) is, die heffing bedoel in subitem (2) voor of op 30 November van die heffingsjaar betaal.

(2) Die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum van R650 000, word soos volg bereken:

(a) 'n basisbedrag van R1 597, en

(b) A x R267,

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste, soos op 30 September van die heffingsjaar.

(3) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n Kategorie II of III verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die *Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers* bedoel

in subitem (1), voor of op 30 November van die heffingsjaar 'n heffing betaal wat onderworpe is aan 'n maksimum van R650 000 en wat soos volg bereken word:

(a) 'n basisbedrag van R3 435; en

(b) A x R267; en

(c) B x 0.000009328

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiele dienste, soos op 30 September van die heffingsjaar; en

B = die totale waarde van beleggings bestuur namens kliënte ingevolge die magtiging as 'n verskaffer van finansiële dienste op 30 Junie van die heffingsjaar: Met dien verstande dat beleggings onder bestuur wat in buitelandse valuta gehou word, ingesluit moet word teen die wisselkoers wat op daardie datum in die Pers gepubliseer is.

(4) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies-en Tussengangerdienste, 2002 (Wet 37 van 2002), as 'n Kategorie I verskaffer van finansiële dienste gemagtig is soos beoog in subitem (1), en wat slegs finansiële dienste lewer ten opsigte van finansiële produkte wat behoort aan Langtermyn Versekering Kategorie A soos bedoel in sub kategorie (1) in Kolom Een van Tabel A in paragraaf 3(1) van die *Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers* bedoel in subitem (1), voor of op 30 November van die heffingsjaar 'n heffing betaal van R1 597.

(5) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsentiteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van 'n enkele heffing bedoel in subitem (2), (3) of (4), na gelang van die geval. Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.

Heffing vir Befondsing van Kantoor van Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste

16. (1) Behoudens subitem (3), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 , as 'n Kategorie I, II of III verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die "*Determination*" bedoel in item 15(1), die heffing bedoel in subitem (2) voor of op 30 November van die heffingsjaar betaal.

(2) Die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum van R77 405, word soos volg bereken:

(a) 'n basisbedrag van R340, en

(b) A x R113,

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die registrateur, plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste, soos op 30 September van die heffingsjaar.

(3) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsentiteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van 'n enkele heffing bedoel in subitem (2). Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.

Heffing op finansiële markte ten opsigte van markmisbruik

18. (1) Die heffing vir die betaling van die koste verbonde aan die uitvoering van die werksaamhede van die Raad en van die Direktoraat op Markmisbruik ingevolge die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), word betaal deur die beurse gelisensieer ingevolge artikel 10 van die Wet op Sekuriteitsdiense, 2004, naamlik JSE Beperk en die Effektebeurs van Suid-Afrika. Die totale heffing vir die heffingsjaar beloop R8 100 000.

(2) Die totale heffing word bereken en betaal op die volgende basis:

(a) JSE Beperk betaal voor of op 26 Junie van die heffingsjaar 20%, dit wil sê R1 620 000, van die totale heffing.

(b) Die Effektebeurs van Suid-Afrika betaal voor of op 26 Junie van die heffingsjaar 10%, dit wil sê R810 000, van die totale heffing.

(c) Die balans van die totale heffing, naamlik R5 670 000, word in vier paaiemente kwartaalliks betaal op 'n gebruiker-betaal basis deur die beurse waar markmisbruik ondersoeke gedurende die voorafgaande kwartaal uitgevoer is. Die paaiemente is betaalbaar voor of op 30 Junie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar.

(3) Bykomend by die totale heffing in subitem (1) bedoel, is die regskoste wat werklik deur die Raad aangegaan is ten opsigte van markmisbruik gedingvoering kwartaalliks agterna betaalbaar deur die relevante beurs.

ALGEMEEN

Betaling van heffings

19. (1) Die heffings en rente (as daar is) daarop in hierdie Kennisgewing bedoel, is behoudens die bepalings van hierdie Kennisgewing, deur die betrokke finansiële instelling aan die Raad betaalbaar deur middel van 'n tjek, posorder, geldwissel, of 'n geldoordrag.

(2) Op bedrae van agterstallige heffings word rente teen 'n koers gelykstaande aan die heersende prima oortrekkingskoers van Standard Bank van Suid-Afrika Beperk gehef.